*Sedert 22 September 1956: Oral voor Gods aangesig*

**Sondag, 15 Maart 2026**
**4e Lydenssondag**

## ‘n Geestelike geboorte, kom vóór geestelike groei...

*“Jesus het Nikodemus geantwoord: ‘Amen, amen, Ek sê vir jou: As iemand nie van bo gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.’”*
(Johannes 3:2-3)

Hierdie is een van die mees volledige en helderste gesprekke wat Jesus ooit gevoer het met enige iemand in die Nuwe Testament. Dit word in die Evangelie volgens Johannes ook naby geplaas aan die opening van Jesus se aardse bediening, toe Hy aangekondig het dat die koninkryk van God hierheen gekom het. Dit is hier aan die begin van die Evangelie, net toe Jesus begin het om dissipels te roep om Hom te volg.

Nikodemus kom na Jesus en knoop n gesprek aan, maar hy sê nooit wat hy van Jesus verwag nie. En Jesus die meester, die “kenner van die hart en toetser van die niere” anwoord wat in die hart van Nikodemus is. Nikodemus komplimenteer Jesus en erken sy goddelike gesag, met ‘n diep worsteling in sy hart en hy verstaan nie wat besig was om te gebeur nie. Jesus spreek dit wat Nikodemus nie kan vra nie direk aan: Daar is chaos en onsekerheid oor die lewe en die ewige lewe, en geweldige onsekerheid oor sy eie geestelikheid, by Nikodemus. So Jesus lei die gesprek en praat met Nikodemus oor geestelike geboorte. Hy het dit nog nooit gehoor nie en daarom verstaan hy nie wat Jesus sê nie. Jesus veduidelik dat ‘n mens moet geestelik gebore word, sodat jy kan inkom in God se koninkryk. Dit is heel vreemd vir die Joodse geleerde, soos ook vir ons vandag...

Hierdie diep Bybelse gesprek tussen Jesus en Nikodemus is in my verstaan van die Evangelie krities belangrik, en ons praat te min daaroor. As gelowiges moet ons tog kennis neem van Jesus se gesprek met Nikodemus en dit van toepassing maak op onsself! In ‘n oop en eerlike vraag en antwoord-gesprek oor wat belangrik is vandag vir my verhouding met God, maar wat eintlik tydloos is vir die ewigheid. Jesus dra as te ware die gesprek in Nikodemus se lewe in, om hom bewus te maak van die ewigheidswaarde wat dit toevoeg tot ‘n mens se lewe. Nikodemus, die ou man, die geleerde, word gekonfronteer oor sy posisie in die koninkryk van God. Hy ken so baie dinge, maar hierdie konsep is baie vreemd vir hom. Terwyl Jesus as koning van Sy koninkryk dit uiters belangrik ag dat ek en jy óók hierdie gesprek voer, sodat ons die vraag mag hoor of ek in die koninkryk van God in gebore is of staan ek nog aan die buitekant?

**GC**

Hartlik welkom by ons eredienste vanoggend, gelei deur ds. Gavern Cloete van die VGK Heatherdale (Heidedal) en ons orrelis, dr. Johan Cromhout in die kerk; gesinsdiens in die saal deur ds. Johan Marais en oudl. Matildie Wium.
Welkom aan alle besoekers en diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel. Agter in die kerk is Bybels en Liedboeke op die tafel; neem gerus en deel in ons liturgie.

## LITURGIE

**Verwelkoming, en oomblik van stille toewyding...**

**Wydingslied:** “Want so lief het God die wêreld gehad” (Lied 326)

**Votum en seëngroet**

**Loflied:** “O Here, U ken my volkome” (Psalm 139:1, 2, 3 en 5)

**Herinnering aan die Wil van God vir ons lewens...**

**Verootmoediging:** “Jesus Christus, Lam van God” (Lied 379)

**Herinnering aan die Genade van God in ons lewens...**

**Geloofsbelydenis:** Apostolicum

**Danklied:** “Waar daar liefde is, daar is God” (Lied 526 – Afr/Lat)

**Skriflesing:** Johannes 3:1-9

**Woordbediening**

**Gebedslied:** “Soos 'n wildsbok wat smag na water” (Lied 163)
Solis: Jada-Ruth Cloete

**Uitdoof van die Vierde Lydenskers...**

**Offergawe van liefde en dank**

**Uitnodiging en uitsending**

**Slotlied:** “Middelpunt van ons verlange” (Lied 393:1, 2 en 4)

**Seënbede, Amen en Orrelnaspel**

**Ander Eredienste:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 8 Mrt | 15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens).<br>18:00 – Ds. Jan Lubbe: *Met Woord en Lied in Lydenstyd 2026*.<br>Kom beleef die Lydenstyd met bekende liedere vir samesang, in die gees van ons navolging van Christus op hierdie Weg. |
| Sondag, 22 Mrt | 09:30 – Ds. Jan Lubbe (gesamentlike diens).<br>15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens).<br>18:00 – Ds. Jan Lubbe: *Diens van Woord, stilte en gebed* (Taizé). |

Ons nooi almal – oud en jonk – na die **Koragiete se Koffiehuis** volgende Sondag, 22 Maart net ná die oggenddiens; kom geniet iets sout-en-soet saam met heerlike koffie en geselskap; donasies vir ons Orrelfonds is welkom!
(Hiermee sluit ons dan ook die kwartaal af – dankie aan iedereen)

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**
Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.
Woensdagaand- (19:00) en Donderdagoggend (09:10) Bybelstudiegroepe o.l.v. ds. Jan Lubbe: *"Sewe tekste uit sewe dekades van Berg-en-Dal se lewe voor Gods aangesig – VI (1997-2006)."* Indien jy wil inskakel, whatsapp jou naam na 082 784 9362.
Woensdagaand 'Lighthouse'-Bybelstudiegroep vir jongmense 19-30 o.l.v. ds. Janke Hurter: *"Die ewige Koninkryk. Vind troos en hoop in Daniël"*. Indien jy wil inskakel, whatsapp na 078 894 9166.

**MEELEWING EN VOORBIDDING**

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

15 Mrt. Ria Combrink, Frikkie Lategan en Tharina Strauss.
16 Mrt. Hermien Davel, Wilmien Greyling, Monica Meyer en Elsje Raubenheimer.
17 Mrt. Frikkie Badenhorst, Roelof Fourie, Leah-Ané Human, Linette Peltzer, Pulani Pickard, Salomon Strydom, Johann van der Schyff en Denise van Rooyen (skriba).
18 Mrt. Theone Arnold, Emile Erasmus, Gertie Joubert en Marthinus Schoombie.
19 Mrt. GF Fourie, Michael Gerber, Corli Marais, Hester Roos en Jaco Spies.
20 Mrt. Lolla Bezuidenhout, Marie Geissler, Annelize Kleynhans, Irene Marais, Ellen-Anne Swart, Patrick O'Neill, Leané van Pletzen en Pieter Wilken (koster).
21 Mrt. Johan Cilliers, Corrie Engelbrecht, René Maritz en Chris Wentzel.

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Lienkie Marais (Ladysmithsingel 16, wyk 4b); Oom Koos Steyn (Santé 123, wyk 18b); prof Danie Strauss (Kapt. Goodmanstr. 3, wyk 1a); Tannie Trudie Roode (Serenicare, wyk 15); Mari Smit (Serenitas 105, Wyk 15) en Tannie Letitia Pretorius (Dealeweg 1, wyk 19a). Ons dink aan elkeen wat 'n siek of verswakte familielid moet ondersteun, en bid hul die nabyheid van die Here toe.

*Ons bid in besonder vir die Marais-gesin – ds. Johan en Lienkie-hulle – en hul breër familie hier in ons gemeente; ons bede is dat die behandeling wat afgelope week vir haar begin het, gou mag help.*
*Ds. Johan neem sover moontlik weer van sy bedieningswerk waar.*

Ons innige meegevoel aan Johan en Jaco, Mandi, Denise en Francois Cilliers toe, by die heengaan van Louise (Bewarea 57, wyk 8c). Haar gedenkdiens was afgelope Vrydag hier in Berg-en-Dal. Ons bid hulle die troos van die Trooster toe.

Vir Pastorale Sorg in hierdie tyd: Kontak ds Jan Lubbe (082 784 9362).

**KERKRAADSAKE**

**Verkiesing van Kerkraadslede:**
Tydens ons vergadering afgelope Sondag, het die Kerkraad die volgende lidmate verkies –

**As ouderlinge:** Naas van Wyk (wyk 19); Jaco de Jager (wyk 20)
**As diaken:** Jan-Hendrik Scholtz (wyk 6)

**Spesiale Kerkraadsvergadering:** Sondagoggend, 22 Maart om 09:00 in die konsistorie.

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee: Maart**
**Wyke 8** (blok noord van Emily Hobhouse), **9** (blok wes van Hoërskool Sentraal) en **11** (blok suidwes van Johieshof) is in Maart aan diens vir ons gasvryheid; Sondae met tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter. Indien jy wil help, kontak die Kerkkantoor (073 180 3193).

## BEDIENINGE

**GEMEENTEBEDIENING**
**Herfstee vir Seniors:**
Baie dankie aan Germarie Adendorff en haar span van Vrouebediening, vir die gesellige (en blouerige!) Herfstee afgelope Woensdag – ons almal het dit geniet en waardeer!

**JEUGBEDIENING**
**Jongspankamp:**
Ons sê ook dankie aan ds Janke en haar span helpers, vir die lekker Jongspankamp afgelope naweek; dankie vir die “vet pret” en vriendelike boodskap daarmee saam...

**Diensverhoudinge en Personeel:**
Die volgende hulp word benodig of poste beskikbaar – indien jy meer besonderhede verlang of wil aanmeld, kontak die Kerkkantoor (073 180 3193) of oudl. Seef Hefer (082 653 5353):

- **Klank- en projeksie, en klavierbegeleiding by Gesinsdienste Sondae:** Ons kort een of twee vrywilligers wat beurte kan neem en in die saal kan help...
- **Vrywilliger in Finanskomitee Gladstoneweg Jeugsorgsentrum:** Iemand met finanskennis en beskikbaar vir een vergadering per kwartaal...

**EREDIENSKOLLEKTE: ‘n LIEFDESGAWE**

Die eredienskollekte op ‘n Sondagoggend en -aand, is ‘n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee ‘n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/ projek vir die betrokke Sondag – vanoggend, 15 Maart: **Fonds vir die Teologiese Seminarium.** U kan ‘n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per SnapScan na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632005).**

SnapScan

## LYDENSTYD EN PASE 2026

Ons nooi alle lidmate uit om vanjaar se Lydenstyd & Pase met ons in Berg-en-Dal deur te bring – dit is ‘n tyd (saam met die herfs) van na binne keer, stilword, luister, lees en oordink, mooi musiek en simboliek:

**Palmsondag:** 29 Maart – *Oggenddiens* (09:30)
**Groot Lydensweek:** 30 Maart tot 2 April – *Oggendwydings* (07:00-07:30)
**Witte Donderdag:** 2 April – *Aandnagmaal en Paaswaak* (18:00)
**Goeie Vrydag:** 3 April – *Wydingsdiens* (09:00)
**Paassondag:** 5 April – *Opstandingserediens* (09:30)